

**2 Maart**

**Skrifgedeelte: Matteus 21:18-46 (NAV)**

**Fokusgedeelte: Matteus 21:18-22**

### **Die boom sonder vrugte**

Die boodskap van dié wonderwerk is glashelder. Jesus het die beeld self die volgende dag verklaar toe Hy die vrugloosheid op die Jode toegepas het (Matt 21:43). Die Jode was uitwendig vroom, godsdienstig pragtig – blaarryk soos die vyeboom – maar sonder vrugte! Daardie selfde dag nog was hulle fluks besig om offers te bring (Matt 21:12-17). Terselfdertyd het hulle beplan om die Messias, na Wie daardie offers verwys, om die lewe te bring. Pragtige toewyding, maar sonder liefde en insig.

Natuurlik moet jy ook daarvoor oppas! Godsdienste ontaard maklik in 'n inhoudlose gewoonte. Baie aktiwiteite, kommissies en vergaderings verseker nie altyd resultate nie! Ek kan baie besig wees met die kerk en kerkwerk sonder dat ek die Here van die kerk dien. Ek kan my vroom met nagmaal verlustig in die vergewing van sondes, maar ek sit met 'n onuitblusbare wrok in my hart. Die uitwendige vertoon van Christen-wees sonder die bypassende goeie werke bly 'n groot gevaar. By 'n ware gelowige kan volharding in die sonde nie onbepaald voortduur nie. Dit is ontrouheid en roep om die wraak van God.

Ons is uit genade gered. "In Christus Jesus het God ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie daade waarvoor Hy ons bestem het" (Ef 2:12).

Kyk na jouself: Is jy nie miskien ook soos 'n boom met groen blare, maar sonder vrugte nie?

*Sing: Skrifberyming 33:1*

*Ds APC Duvenage (Emeritus)*